Verdien AgriBonus-punte op alle produkte deur Laeveld Agrochem aangekoop




## Hannes Erwee

Jan Kempdorp

**Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.**

**Vir professionele advies kontak gerus vir Hannes**
**Tel: 082 948 2064 E-pos: hannes.erwee@laeveld.co.za**

Hannes Erwee het op Jan Kempdorp grootgeword, waar hy sy skoolloopbaan in 1997 by Hoërskool Vaalharts voltooi het. Hy en sy vrou, Jeanine, is al twaalf jaar getroud en het drie pragtige seuns, Benjamin, Joah en Leben. Sy pa, Bennie Erwee, is al vir sy hele lewe in die landboubedryf – hy het self geboer en is 'n chemiese verteenwoordiger.

Hannes het na matriek by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se anti-korrupsie-eenheid begin werk. Hy het 'n diploma in belastingkunde by die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) voltooi.

Hy het in 2005 by 'n agent van Wenkem in die Upington-gebied begin werk. Sy pa was in dié tyd 'n agent vir Novon WTP in Jan Kempdorp. Vaalharts het hom in 2008 teruggeroep, waar Hannes saam met sy pa begin het om boere met hulle kennis en vriendelikheid te bedien.

Hannes hou van die buitelewe, jag en kamp. Met drie seuns in die huis is sy lewe interessant en besig. Hy het 'n passie vir sport – enige sportsoort. Hy help met die afrigting van rugby en krieket by die privaatskool waarby hy betrokke is. "Dit is die lekkerste gevoel om te sien hoe 'n kind onder jou afrigting en bystand ontwikkel." Hy is ook deel van 'n groep ouers wat in 2016 aan dié skool begin beplan het. In 2017 het die skool, Futurum Akademie, vir die eerste keer sy deure oopgemaak met 80 kinders van graad R tot graad 7. Die skool het tans 250 leerlinge.

In die Vaalharts-besproeiingsgebied is daar 'n wye verskeidenheid gewasse soos mielies, koring, gars, hawer, grondbone, sitrus, pekanneute en wingerd. Soos met die sportafrigting het Hannes 'n groot passie vir sy werk. "Dit is vir my 'n groot voorreg om my passie saam met my pa te kan uitleef. Ek is in die bevoorregte posisie om elke stap van die boerdery saam met die kliënt te beleef. Ons is daar van plant tot oes. Ons beleef elke emosie wat die boer beleef, goed en sleg. My werk is vir my nie net die verkoop van 'n produk nie, maar ook die ondersteuning wat ek aan boere kan gee," vertel hy.

*Hannes meen een van Laeveld Agrochem (LAC) se grootste bates is hulle ondersteuning. "Daar is nie nog 'n maatskappy wat die tegniese ondersteuning bied wat LAC kan bied nie." Dit is Hannes se passie en droom om sy kliënte die beste moontlik te gee, sodat hulle so winsgewend as moontlik kan boer.*